

**Vrydag 26 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 115:1-18**

**Fokusgedeelte: Psalm 115:1, 18**

**Nie aan óns nie, maar aan die *Here* die eer!**

Psalm 115 – 118 is tydens die Pasgavierende gesing – veral ná die terugkeer uit ballingskap. Israel moes terugdink aan die verlossing uit die slawehuis van Egipte. Sommige plaë kon die Egiptiese towenaars nadoen. Maar nie die tiende plaag nie. Die Israeliete moes die Pasga-ete (lammetjie, ongesuurde brode) eet. Die lammetjie se bloed moes aan die deurkosyn gesmeer word, en net diegene wat vas geglo het dat God hulle sou verbygaan wanneer sy doodsengel by die huis kom, is gered. Deur die geloof alleen.

Afgode is egter aanbid. Nie meer vasvertrouend op die Here nie. En daarom het die Here ballingskap beskik. Ná die ballingskap word onderneem om nooit meer afgode te aanbid nie.

En daarom begin Psalm 115 met die woorde: Nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer. Dit is u goedheid en trou; dis u liefde wat ons gered het! Afgode is nietige mensemaaksels. Wel van goud of silwer, maar kan nie praat, sien, hoor, ruik, tas, loop of geluide maak nie. Diegene wat op afgode vertrou, sal net soos hulle word. Maar óns vertrou op die HERE. Hý is ons hulp en ons beskermmer.

Die HERE seën die hele verbondsvolk – die ampsdraers, gelowiges – die kleintjies en die grotes – almal wat verstaan dat die Here verhewe is in die hemel en dat jy maar net hier op die aarde is. Wie dít besef, kan nie anders as om die Here tot in ewigheid te prys nie.

Hierdie lied is gesing terwyl hulle die lammetjie en die Pasga-ete eet en drink ... en nadink: 'n Lammetjie se bloed aan die deurkosyn ... as teken van hulle verlossing ... in hulle plek het die lammetjie gesterf. Dis 'n heenwysing na die Kneg van Jesaja 53:4, 5, 7, 8: “Nogtans het Hý ... óns smarte gedra ... ter wille van óns oortredinge is Hy verbrysel”, en: “Soos 'n lam wat na die slagplek gelei word ... die plaag was op Hóm.”

Op die Donderdagaand vóór die eerste Goeie Vrydag het Jesus Psalm 115 vir oulaas saam met sy dissipels gesing (Mark. 14:26)! En aan die kruis sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee (Joh. 19:30). Dáárom sing die kerk: Nie aan óns nie, maar aan die Hére die eer – van nou af tot in ewigheid!

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2 (Sb 8:1, 2)*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Pretoria/Kroonstad)*